

KwartaalKlets 6 van 2026

Geagte Randhart-ouers

'n Dol en besige kwartaal het tot 'n einde gekom. Agter elkeen van die aktiwiteite staan gedissiplineerde leerders, ondersteunende ouers en 'n personeelkorps wat voortdurend meer gee as wat van hulle verwag word. Dit is met groot trots dat ons terugkyk op 'n fantastiese kwartaal vol hoogtepunte, groei en besondere prestasies.

Hier is enkele van die oomblikke wat hierdie kwartaal vir ons as Ranties so spesiaal gemaak het.

1. Bybelvasvra

Ons is baie dankbaar vir die vordering wat ons leerders hierdie jaar met die Bybelvasvra gemaak het. Die leerders het met groot toewyding en entoesiasme gewerk en baie van hulle vrye tyd opgeoffer om te leer.

Op 12 Augustus het hulle aan die Super 12 by Laerskool Tzaneen deelgeneem en 'n pragtige 10de plek behaal. Hulle het ook op 24 Augustus aan die Rapportryers deelgeneem en 'n uitstekende 17de plek uit 91 laerskoolspanne behaal.

Baie geluk aan Jean-Daniël Blignaut, Armand du Plessis, Tonicka Tollemache en Jadine Geldenhuys.



2. Redenaars: ATKV

Ons is baie trots op ons jong redenaars wat vanjaar uitstekend presteer het in die ATKV-Redenaarskompetisie.

Tydens die semifinaal het Simoné Steenberg 'n uitstekende 2de plek in ons streek behaal en deurgedring na die ATKV-landsfinaal wat in Augustus plaasgevind het. Milan Potgieter het ook 'n uitstekend 6de plek behaal.

Tydens die ATKV-landsfinaal het Simoné 'n besonderse 9de plek behaal. Baie geluk!

3. Algemene Kennis

Ons Algemene Kennis-leerders, nl. Rebekka Buys, Karli Müller en Lienke Smit het op 12 September aan die Super 12-kompetisie by Laerskool Menlopark deelgeneem.

Baie geluk aan ons drie Ranties met julle algehele 12de plek.



4. Olimpiade

Verskeie leerders het hierdie kwartaal aan akademiese Olimpiades asook Math 24 deelgeneem.

Mental Maths en Wiskunde-olimpiade

Laerskool Randhart is trots op die volgende leerders wat vanjaar aan die Wiskunde-olimpiade deelgeneem het en die skool op distriksvlak verteenwoordig het.

Graad 3: Klara-Belle het aan Mental Maths deelgeneem en 'n 4de plek behaal.

Graad 4: Mia Kruger en Christiaan van Wyk

Graad 5: Chloé Snow en Mila Pretorius

Graad 6: Juwan van Zyl en Abigail Stoltz

Graad 7: Liam Potgieter en Brian Pretorius. Brian Pretorius behaal 'n 7de plek op distriksvlak. Milan Potgieter behaal 'n 1ste plek en dring deur na die provinsiale ronde.

Tegnologie-olimpiade

Die volgende leerders het tydens die Tegnologie-olimpiade deurgedring na distriksvlak: Karli Müller, Jessica Swanepoel, Mieke Pretorius, Liam Potgieter en Milan Potgieter.

Hierdie prestasie is 'n uitstekende bewys van die leerders se belangstelling, toewyding en vermoë op tegnologiese gebied.

EBW-olimpiade

Die volgende leerders het tydens die EBW-olimpiade deurgedring na distriksvlak: Mieke Pretorius, Amalia van der Vyver en Liam Bam. Baie geluk aan Liam wat deurgedring na ronde 2.

Math 24

Baie geluk aan Olivia Wilcox en Juwan van Zyl wat Laerskool Randhart tydens die semi-finale ronde van Math 24 verteenwoordig het.

Laerskool Randhart is uiters trots op al die leerders wat aan die verskillende akademiese aktiwiteite deelgeneem het. Die prestasies van ons leerders op skool-, distrik- en provinsiale vlak is 'n weerspieëling van hul harde werk en toewyding, asook die ondersteuning en leiding van hul onderwysers.

Ons wens al die leerders wat nog aan verdere rondes gaan deelneem, alle sukses toe. Mag hulle Laerskool Randhart met trots verteenwoordig.

5. Voortrekkers

Die Voortrekkers is hierdie jaar 95-jaar oud en dit is op 'n gepaste wyse gevier deur die ossewa en kapkar van die Meyerplaas te olie en op die pragtige plaas fiets te ry.

Gedurende die Plaaslewe-spesialisasie het die Voortrekkers verskeie plase in die Belfastomgewing besoek. Hulle het soos ware boere douvoordag kennis gemaak met 'n melkery, gesien hoe eiers op vervoerbande op 'n hoenderplaas vervoer word, botter gemaak, trekker bestuur en die brawes kon selfs kyk hoe 'n skaap geslag word.

Die Voortrekkers het hierdie kwartaal verskeie kentekens verwerf soos Wikkels, Noodhulp, Fietsry, Gasheer/Gasvrou en Kolskoot.

Vier van die graad 7's het hulle Dagbreek-kentekens verwerf en ons wens hulle sterkte toe met die komende naweek se Voorslagtoetskamp. Dit is die hoogtepunt van 'n laerskoolkind se loopbaan waar al die vaardighede wat hulle aangeleer het op 'n praktiese wyse getoets word.

Gedurende die Oktobervakansie gaan daar by Venterskroon in die Vrededorpkoepel gekamp word waar Voortrekkers verskeie spesialisasies soos Dierewaarname, Avontuur, Spoorsny, Sterrekunde, Weerkennis, Plantekennis, Vasbyt en Toeka bygewoon gaan word.

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig

**Skool van
uitnemendheid**



6. Skryftalent wat skitter!

Ons Ranties het weer vanjaar hul besondere skryftalent ten toon gestel en uitstekende prestasies in verskeie kreatiewe skryfkompetisies behaal.

ATKV-DigiSkryf

Ons is besonder trots op Simoné Steenberg wat die graad 4- en 5-afdeling en Milan Potgieter wat die graad 6- en 7-afdeling van ATKV-DigiSkryf gewen het. Baie geluk, Simoné en Milan!

Beeld Kreatiewe Skryfkompetisie – Poësie

Ons jong digters het uitstekend gevaar in die Beeld Kreatiewe Skryfkompetisie.

Liam Potgieter het 'n algehele vierde plek behaal met 'n punt van 80 – 89%.

Die volgende leerders het ook 'n uitstekende 80 – 89% behaal: Liah-Belle Heyneke, Milan Potgieter, Juwan van Zyl, Ruvan Anderson, Simoné Steenberg en Bailey Siebert. Jadine Geldenhuys het 'n pragtige 70 – 79% behaal.

Baie geluk aan al ons jong digters!

Beeld Opstelkompetisie

Met 'n pen in die hand het ons Rantie-skrywers hul stories en idees in die Beeld-opstelkompetisie neergepen en hul merk gemaak. Baie geluk aan Liam Potgieter wat 'n puik algehele eerste plek in die kategorie Afrikaans Huistaal vir Laerskole behaal het! Die volgende leerders het ook uitstekend gevaar: Milan Potgieter en Kiara Kers met 'n 80 – 89% asook Emma Taylor met 'n 75 – 79%.

7. Krieket: Seuns

Die 2026-krieketseisoen by Laerskool Randhart was tot dusver een om op trots te wees. Ons krieketspelers het oor verskeie ouderdomsgroepe heen uitstekende vordering getoon met besondere prestasies in die Super 12, liga, vriendskaplike wedstryde en mini-krieket.

Die liga is tans in volle swang en Randhart se spanne lewer uitstekende vertonings. Ons 1ste span, 2de span, o.11A, o.10A en o.9A het almal vir die uitspele gekwalifiseer. In kwartaal 4 wag daar spannende uitspeelwedstryde teen skole soos Orion, Jan van Riebeeck, Kruinsig, Farrarmere, Impala en Actonville.

Benewens die gewone ligawedstryde is ons 1ste seunspan ook besig met die Fairland-nagreeks. Die reeks hervat in kwartaal 4 en ons sien uit na nog opwindende krieket onder die ligte.

Ons B-spanne het ook waardevolle wedstrydervaring opgedoen deur verskeie vriendskaplike wedstryde teen Alberview, St Declans en Kruinsig.

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig

**Skool van
uitnemendheid**



Ons graad 1- en 2-leerders wat aan mini-krieket deelneem, het op verskeie Vrydae aan St Declans se mini-krieketfeeste deelgeneem en elke keer pragtig gespeel.

Ons is ook ongelooflik trots op ons 30 SOR-spelers vanjaar. Hierdie groep bestaan ook uit vier stelle boeties asook 'n boetie en sussie. Sterke aan die o.11-, o.12-, en o.13-seuns en -meisies wat by die verskeie 'Easterns'-naweke gaan deelneem.



8. Krieket: Meisies

Die meisieskrieketspanne het onlangs met hul ligaseisoen afgeskop. Ons wens al ons meisies baie sterkte toe vir die res van die seisoen en sien uit om hul vordering en prestasies te volg.

Ons 1ste span het aan 'n T10-toernooi deelgeneem waar hulle verskeie wedstryde gespeel en uitstekend presteer het. Die meisies het die eindstryd gehaal, maar ongelukkig hierdie laaste spannende wedstryd verloor.

Die 1ste span het ook op 21 en 22 September aan die Super 12 deelgeneem. Met ses skole wat deelgeneem het, het die Ranties van die begin tot die einde oorheers. Die meisies het in die eindstryd Laerskool Helderkruin met 71 lopies geklop om die goue medalje huis toe te bring.

Dit is die tweede Super 12-goue medalje wat Laerskool Randhart vanjaar verower het. Baie geluk aan ons 1ste meisiespan met hierdie besondere prestasie!

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderig

**Skool van
uitnemendheid**

Regverdigheid
Uitmendheid
RANTIES
INTEGRITEIT
Respek
Vat so!



9. Ruiters

Baie geluk aan Makayla van Greuning wat gekies is om deel van die A-span by die Eventing Teams Nasionale Kampioenskappe te wees! Ons is baie trots op jou.

10. Tuimel & Gimnastiek

Ons is ongelooflik trots op ons talentvolle leerders wat die afgelope tyd uitstekend in Tuimel, SAAerialnastix en Artistiese Gimnastiek presteer het!

Tuimel

'n Groot gelukwensing aan Kaylin Carstens, Amelia Groenewald en Erin Fourie wat gekwalifiseer het vir die Nasionale Kampioenskappe in die Kaap.

SAAerialnastix

Ons is ook baie trots op die volgende leerders wat hul SAAerialnastix Federasie-kleure ontvang het en die eer sal hê om Gauteng by die SAAerialnastix Kampioenskappe in Oktober te verteenwoordig: Ané De Jager, Emy Vogel, Jessica du Plessis, Annika de Beer, Carli le Roux, Lené van Rensburg, Le-Zayla Welgemoed, Leila Marais, Mila Gomes, Nicole Naude, Octavia Kleynhans, Vonné Feuth, Lérie Swanepoel, Kean Swanepoel en Lua-Mé Klingbiel.

Artistiese Gimnastiek

Baie geluk aan die volgende ses gimnaste wat gekwalifiseer het vir die Nasionale Kampioenskappe en hul provinsiale kleure vir Artistiese Gimnastiek ontvang het. Hulle neem hierdie naweek aan die Nasionale Kampioenskappe deel.

Ané de Jager – Vlak 4

Lérie Swanepoel – Vlak 5

Stella Haidlinger – Vlak 4

Elzereé Hattingh – Vlak 4

Lenè Oosthuizen – Vlak 0 HP

Ilze van't Zand – Vlak 0 HP

11. Landloop

Vanjaar het Landloop 'n nuwe baadjie aangetrek en in plaas van die tradisionele massa-landloop is drie Blitzreekse aangebied wat baie suksesvol was en groot belangstelling in landloop regdeur die skool gewek het. Laerskool Randhart het ook suksesvol die tweede van drie ligabyeenkomste voor die Alberton Kampioenskappe aangebied.

Ons atlete het uitstekende gevaar met 106 leerders wat vir die Alberton Kampioenskappe gekwalifiseer het. Hierna het 94 leerders verder vir die Distrikskampioenskappe gekwalifiseer, terwyl 10 atlete deurgedring het na die Gautengkampioenskappe op 12 September. Baie geluk aan die volgende landlopers wat op Gautengvlak deelgeneem het.

Kehann Welgemoed – 2de

Lu-Mari Hattingh – 6de

Leon Bezuidenhout – 11de

Anroux Nel – 11de

Mila Pretorius – 16de

Elzeree Hattingh – 28ste

Cayla Botes – 32ste

Johan Hattingh – 39ste

Adam-Jay van Zyl – 42ste

Annabel Rheeders

12. Tennis

Die kwartaal het afgeskop met 'n opwindende toer na Sun City ter voorbereiding vir die Super 12 wat op 20 en 21 Augustus plaasgevind het. Die meisies het 'n uitstekende 8ste plek uit 20 skole behaal, terwyl die seuns 'n 10de plek behaal het. Algeheel het die Ranties 'n indrukwekkende 10de plek behaal.



Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig

**Skool van
uitnemendheid**

Regverdigheid
Uitmendheid
RANTIES
INTEGRITEIT
Respek
Vat so!

Ons is ongelooflik trots op die volgende drie Ranties wat aan die GETA IPT deelgeneem het en opgeneem is in die Gauteng-Oosspan en aan die SA-skole tenniskampioenskappe in Bloemfontein gaan deelneem!

Leon Bezuidenhout – nr. 3 in die seunspan

Azelle Nienaber – nr. 3 in die meisiespan

Mila Nel – nr. 4 in die meisiespan



Baie geluk aan Leon Bezuidenhout wat in Junie aan die internasionale Smrikva Bowl-tennisttoernooi in Pula, Kroasië, deelgeneem het. Hy het uitstekend gevaar en die laaste 16 uit 49 seuns in sy ouderdomsgroep gehaal, nadat hy twee wedstryde gewen het. Ons wens hom alle sukses toe terwyl hy verder groei en sy tennisdrome nastreef.

13. Hokkie

Die hokkie seisoen het vanjaar sterk afgeskop met toere vir die volgende spanne:

Meisies: o.10A/B, o.11A/B en o.12A/B

Seuns: o.11A/B en o.13A/B

Tydens die Super 12-toernooi het die o.13A-meisies 'n 18de plek behaal, terwyl die o.13A-seuns 17de geëindig het. Algeheel het Laerskool Randhart 'n 17de plek behaal.

Die meisies ligaseisoen het goed verloop, met verskeie spanne wat uitstekende resultate behaal het. Die finale liga-posisies was soos volg.

- o.10A, o.10B en o.12: 1ste
- o.13: 2de
- o.11A en B: 3de

Baie geluk aan ons o.12-dogters wat derde in die Oostelikes finale geëindig het en bronsmedaljes verower het.

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig

**Skool van
uitnemendheid**

Regverdigheid
Uitnemendheid
RANTIES
INTEGRITEIT
Respek
Vat so!



'n Spesiale woord van dank aan **Hoërskool Marais Viljoen** en **Alberton Hokkieklub** vir die beskikbaarstelling van hul fasiliteite gedurende die seisoen.

14. Rugby

As deel van die voorbereiding vir die 2027-rugbyseisoen word Oosrand-kliniekspanne saamgestel om jong rugbytalent te identifiseer en verder te ontwikkel.

Ons is baie trots op die volgende Ranties wat in 2026 by die Oosrand-rugbyspanne betrokke was.

o.11: Anroux Nel, Logan Jacobs, Lihan de Koker, Mardo Venter, Nian Erasmus, Matthew Connaway, Joshua Vorster, Ruvan Anderson, Ruwan de Bruin en Zandré Delport.

o.12: Daniel Frey, Riley Pieterse, Hanco Bester, Henru Prinsloo, Jordan Grimbreek, Luan van der Spuy, Liam McGeer, Elhardt Els en Jóvan Oosthuizen.

'n Spesiale woord van dank aan mnr. Van der Merwe wat ook betrokke was by die o.11A-span.

Goue Leeus 7's

Ons is ook besonder trots op die volgende seuns:

Liam McGeer – Goue Leeus o.12A

Jóvan Oosthuizen – Goue Leeus o.12C

15. Gholf

Baie geluk aan ons vier Ranties-gholfspelers wat Laerskool Randhart by die Ernie Els Nationals verteenwoordig het. Dit was die skool se eerste deelname aan die Nationals, en die span het 'n uitstekende 14de plek behaal. Ons is baie trots op CJ Pretorius,

Lihan van Rooyen, Marnelle Moroney en Jason Connoway en die manier waarop hulle Laerskool Randhart verteenwoordig het.



Ons wens ook vir CJ Pretorius baie sterkte toe met sy deelname aan die MTT Data Golf RSA-toernooi in George, waar hy in die o.15-afdeling sal deelneem.

'n Besondere woord van gelukwensing aan Marnelle Moroney, wat geskiedenis gemaak het deur die eerste meisie ooit te wees om 'n o.13 IPT-span te haal en provinsiale kleure in gholf te ontvang. Marnelle neem ook aan die o.13 IPT-toernooi by Goosevalley deel.

Baie sterkte aan CJ en Marnelle met hul komende toernooie. Ons is ongelooflik trots op julle.

16. Kunswedstryd

Ons is ongelooflik trots op die Ranties se besondere kultuurprestasies tydens die Alberton Eisteddfod en Con Spirito.

Alberton Eisteddfod

Daar was vanjaar 494 individuele items, 12 spanredenaarsgroepe, 3 spreekkore en 2 kore ingeskryf.

Die uitslae spreek vanself.

- 56 individuele itemwenners
- 4 spanredenaargroepe was itemwenners
- Al 3 ons spreekkore was itemwenners
- 12 afdelingwenners
- Ons Randrefrein-koor was afdelingwenner
- Ons graad 6 en 7-spreekkoor was afdelingwenners

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderig

**Skool van
uitnemendheid**

Regverdigheid
Uitmendheid
RANTIES
INTEGRITEIT
Respek
Vat so!

Baie geluk aan die volgende individuele afdelingwenners:

2de plek Afrikaans graad 1 – 3: Kimike Landman
3de plek Afrikaans graad 1 – 3: Ava Lategan
3de plek Afrikaans graad 1 – 3: Emma Badenhorst
3de plek Afrikaans graad 1 – 3: Erin Fourie
3de plek Instrumentaal: Karli Müller
3de plek Afrikaans graad 6 – 7: Marnelle Moroney
2de plek Vokaal laerskole: Mackenzie Taute
3de plek Vokaal laerskole: Marnelle Moroney
3de plek Kuns graad 6 – 7: Karli Müller
2de plek Engels graad 1 – 3: Kimike Landman
3de plek Dans Laerskole: Erin Fourie
2de plek Redenaars laerskole: Marnelle Moroney
2de plek Persuasive speaking: Kimike Landman

Con Spirito

Altesaam 69 leerders het deelgeneem en hul talente in 'n verskeidenheid items ten toon gestel. Tot dusver is 17 leerders as itemweners aangewys en Karli Müller as afdelingwenner. Ons wag nog op enkele uitslae.

**(Neem asseblief kennis dat ons op die Vereniging asook grootliks op ouers steun vir die indien en instuur van resultate. Bogenoemde is soos ontvang.)*

17. Persuasive Public Speaking

Op 17 September het ons jaarlikse Interne Persuasive Public Speaking-kompetisie plaasgevind. Elke deelnemer het met groot entoesiasme en toewyding opgetree en die beoordelaars en gehoor met hul voorbereiding, inhoud en aanbieding beïndruk. Die uitslae was soos volg.

Graad 4-wenner: Sebastian Vermaak
Graad 4 naaswenner: Dian van Zyl
Graad 5-wenner: Simoné Steenberg
Graad 5-naaswenner: Elri Joubert
Afdelingswenner vir graad 4 en 5: Simoné Steenberg
Graad 6-wenner: Marnelle Moroney
Graad 6-naaswenner: Megan Hopley
Graad 7-wenner: Liam Potgieter
Graad 7-naaswenner: Milan Potgieter
Afdelingswenner vir graad 6 en 7: Marnelle Moroney
Ons is besonder trots op elke leerder wat aan die kompetisie deelgeneem het.

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig

**Skool van
uitnemendheid**



18. Graad 1-interne redenaars

Laerskool Randhart se graad 1-interne redenaars het op 14 September plaasgevind en ons is ongelooflik trots op elke leerder wat met soveel entoesiasme en moed deelgeneem het. Baie geluk aan al ons jong redenaars met hul pragtige toesprake! Baie geluk aan die volgende leerders wat as wenner en naaswenner aangekondig is. Wenner: Anine Bezuidenhout Naaswenner: Karli van Zyl



19. Fietsry

Die 2026-fietsryseisoen was vir Ranties Fietsry 'n besonder positiewe en suksesvolle jaar met verskeie leerders wat deurgaans sterk vertonings gelewer het en uiteindelik baie goed in die finale ranglys gevaar het. Die volledige uitslae sluit vyf wedrenrondes vanaf 18 April tot 5 September in.

Hiermee die name van die deelnemers wat onder die Top 50 in Gauteng geëindig het.

Fleur van der Walt – 15de

Tayden Prince – 19de

Chase Els – 40ste

Kade Gerber – 25ste

Benewens die Top 50-presteerders het die volgende leerders ook 'n plek in die Top 100 behaal.

Christiaan van Wyk – 66ste

Ruvan Anderson – 73ste

Logan van Wyk – 99ste

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderig

Skool van
uitnemendheid

Regverdigheid
Uitnemendheid
INTEGRITEIT
Respek
RANTIES
Vat so!

Stian Bam – 98ste
 Ethan Do Cabo – 60ste
 Chase Els – 40ste
 Kanuh de Swardt – 80ste
 Taylandré Niemann – 95ste
 Ethan Blom – 67ste
 Markus van der Merwe – 78ste
 Liam Bam – 72ste

Baie geluk aan elke fietsryer wat vanjaar die Ranties verteenwoordig het.



Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
 Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig

Skool van uitnemendheid

Regverdigheid
 Uitmendendheid
RANTIES
 INTEGRITEIT
 Respek
Vat so!

20. WITS Interskole Nasionale spanredenaars

Op 16 September het die volgende spanne aan die WITS Interskole Nasionale ronde deel en uitstekend gevaar. Die uitslae is soos volg.

Graad 3 Rooispan het algeheel 6de geëindig. (Dian Zietsman, Joshua Blignaut, Kimike Landman en Miré van den Berg)

Graad 4 Rooispan het algeheel 4de geëindig. (Dian van Zyl, Eduan Barnard, Leon Bezuidenhout en Mila Nel)

Graad 6 Blouspan het algeheel 5de geëindig. (Christine le Roux, Elré Venter, Juwan van Zyl en Ziané van Staden)

21. Kooraand

Ons Kooraand was 'n aand vol musiek, herinneringe, dankbaarheid en nuwe hoofstukke wat begin. Ons Kiewietkoor het vir oulaas gesing en ons graad 7's is met 'n tikkie weemoed gegroet.

'n Spesiale woord van dank aan ons dirigent, Johan Bester, wat die afgelope twee jaar ons kore afgerig het, maar ons nou groet.

Ons het die voorreg gehad om ons nuwe dirigent, Christelle Engelbrecht, te ontmoet. Ons is ongelooflik opgewonde oor die pad wat voorlê en kan nie wag om saam met haar verder te bou, te groei en die Rantie-koorpad te stap nie.

22. Erfenisdag

Ons erfenis is die verhaal van waar ons vandaan kom; ons toekoms is die verhaal wat ons saam skryf.

Die Ranties is besonder trots op ons erfenis en het op 22 September saam met die leerlingraad die spesiale dag gevier. Verskillende kreatiewe aktiwiteite met betrekking tot ons braaikultuur, unieke landsvlag, lekkernye en skoonheid van ons land het deel van hierdie viering uitgemaak.

23. Personeel

Baie geluk aan me. Steyn (graad 1, voorheen Ras) en mnr. Brand wat die afgelope tyd in die huwelik getree het.

Ons wens julle albei 'n huwelik toe wat gevul sal wees met liefde, geluk, vrede en hope seën. Mag julle saam 'n mooi toekoms bou en elke dag die vreugde van die huwelikslewe ervaar.

24. Terrein

Soos reeds in 'n vorige Blitznuus gekommunikeer, is ons tans besig met opgraderings- en onderhoudswerk aan die voorportaal van ons skoolsaal.

Ons wil graag vir ons ouers, leerders en personeel baie dankie sê vir u geduld en begrip terwyl hierdie projek aan die gang is. Ons besef dat bou- en

instandhoudingswerk soms ongerief kan veroorsaak, maar glo dat die eindresultaat die moeite werd sal wees.

Wanneer die projek voltooi is, sal ons saal weer behoorlik in sy volle glorie kan pronk. Die voorportaal vorm deel van 'n groter proses om ons saal te verbeter en te verfraai. Die verhoog en vloer van die saal het reeds in vorige jare belangrike opknappingswerk ondergaan en ons sien daarna uit om die voltooide projek met ons Ranties te deel.

25. Leerderveiligheid

Ons wil ouers weereens attent daarop maak daarop dat die skolierpatroolie eers vanaf 07:00 soggens aan diens is. Indien u u kind vroeër aflaai wees asseblief behulpzaam om hulle veilig oor die straat te kry en leer hulle ook weer hoe om 'n pad veilig oor te steek. Daarmee saam versoek ons ook dat bestuurders oplettend moet wees vir leerders wat die pad moet oorsteek soggens voor 07:00.

26. Leerlingraad 2027

“Leadership is not about being in charge. It is about taking care of those in your charge.” – Simon Sinek

In 2027 gee ons weer aan 'n groep graad 7-leerders die geleentheid om leiding te neem – of dalk beter gestel, **om te dien**.

By Laerskool Randhart is ons verkiesingsproses demokraties en leerders asook personeel se stemme word elektronies uitgebring. 'n Verkiesing bring egter nie altyd net vreugde en opgewondenheid nie. Vir sommige gaan die aankondiging met teleurstelling gepaard.

Aan elke leerder wat nie verkies is nie, wil ons sê: Julle waarde en plek binne die Rantie-familie word nie deur 'n verkiesing bepaal nie. Julle bly 'n belangrike deel van ons graad 7-groep en het steeds 'n belangrike rol om te speel. Om te leer hoe om teleurstelling te verwerk, op te staan en vorentoe te beweeg, is ook deel van die reis na volwassenheid. Weet verseker dat julle beslis steeds deel van 'n graad 7-groep is wat in 2027 leiding moet neem. Leierskap word nie slegs deur 'n amp bepaal nie; dit word elke dag deur jou optrede, ingesteldheid en voorbeeld gewys.

Baie geluk aan die leerders wat verkies is! Die verkiesing bring nou groter verantwoordelikheid. Meer verantwoordelikheid beteken dikwels minder vrye tyd, meer opoffering en die bereidwilligheid om ander eerste te stel. Mag julle die amp wat aan julle toevertrou is met erns, nederigheid, integriteit en diensbaarheid beklee. Mag julle onthou dat ware leierskap nie gaan oor 'n titel of posisie nie, maar oor die verskil wat julle in die lewens van ander maak.

Die Leerlingraad van 2027 is soos volg.

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig

Skool van
uitnemendheid



Meisies:

1. Alyssa Adlem	11. Chelcie Frey	21. Marnelle Moroney
2. Annabel Alberts	12. Liah-Belle Heyneke	22. Khloé Pretorius
3. Mieke Behm	13. Megan Hopley	23. Skye Steenberg
4. Milah Bosch	14. Luca Jordaan	24. Abigail Stoltz
5. Marisa Cloete	15. Christine le Roux	25. Lérie Swanepoel
6. Ava Do Cabo	16. Duné Lombard	26. Tonicka Tollemache
7. Natalie du Plooy	17. Lana Lombard	27. Elné van der Merwe
8. Karla du Toit	18. Amia Mitchell	28. Lia van Helden
9. Cherise Feuth	19. Lienke-Marie Mitton	29. Ziané van Staden
10. Dehané Fleming	20. Nalah Modise	30. Zoë Viljoen

Seuns:

1. Ebert Barkhuizen	11. Kieran Fourie	21. Henru Prinsloo
2. Ewald Basson	12. Daniel Frey	22. Anru Swanepoel
3. Hanco Bester	13. Cooper Goosen	23. Markus van der Merwe
4. Liam Bester	14. Jordan Grimbeek	24. Keegan van der Mescht
5. Callen de Beer	15. Johan Hattingh	25. Luan van der Spuy
6. Cayden de Waal	16. Kian Lewis	26. Bradley van der Vyver
7. Ruben de Winnaar	17. Liam McGeer	27. Marnitz van Rensburg
8. Aiden Delport	18. Andrew Olivier	28. Philip van Rensburg
9. Ethan Do Cabo	19. Jóvan Oosthuizen	29. Johann van Vuuren
10. Elhardt Els	20. Riley Pieterse	30. Juwan van Zyl

Ek wens elke Rantie-gesin 'n wonderlike ruskans toe! Mag hierdie tyd gevul wees met vreugde, lekker gesinstyd, nuwe herinneringe en baie geleenthede om die batterye te herlaai. Ons hoop dat elkeen hierdie ruskans sal geniet en met nuwe energie, entoesiasme en 'n positiewe gees gereed vir die laaste kwartaal van die jaar sal wees.

Soos ons opvoeders hierdie tyd gebruik om nuwe energie op te bou, gun ons dit ook aan elke leerder en ouer. Rus is deel van gereed wees vir dit wat voorlê. Mag God elke Rantie-gesin gedurende hierdie ruskans beskerm en seën.

Die skool heropen op Dinsdag 6 Oktober.

Rantie-groete.


D F Venter
Skoolhoof

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig

**Skool van
uitnemendheid**



VIR LEERDERS

GR 1 – 7



HOE MOET EK LEER?



Ontdek jou unieke leerstyl met 'n Mind Moves® Mind Dynamix® profiel!

Leer jouself beter ken,
gebruik jou **sterkpunte** en
maak leer **makliker** én **lekker**!

- ✓ Hoekom party dinge vir my goed werk
- ✓ Hoekom sekere dinge vir my moeilik is
- ✓ Watter manier van leer die beste vir my is

JOU PROFIEL KAN JOU HELP OM:



JOU STERKPUNTE TE ONTDEK

Sien waarin jy
natuurlik goed is!



BETER TE LEER

Gebruik jou leerstyl
wat vir jou werk!



SELFVERTROUE TE BOU

Verstaan jouself
beter en voel
meer seker!



BETER RESULTATE TE KRY

Leer slimmer,
nie net harder nie!



VERHOUDINGS TE VERBETER

Verstaan jouself
en ander beter!



DINGE TE DOEN WAT BY JOU PAS

Doen dit wat vir jou
werk en geniet jou
leerreis!

Ontdek hoe **JY** leer
en maak leer jou **superkrag**!

Mind Moves met
Jodi

Moved by **MMi**



071 510 4662



jodi.brits@mindmoves.co.za



www.mindmoves.co.za